# die DopperChopper

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

25 Maart 2018
Semester I: Uitgawe 10
Potchefstroom
www.gkcachet.org.za

## Oggenddiens:
## Albert Coetsee

**Lees**:
Johannes 13: 1-17
**Fokus**:
Johannes 13: 8 & 15
**Tema**:
Ons het deel aan Christus en moet daarom die nsbaar wees
**Sang**:
Psalm 31–1: 3 & 5
Psalm 66–1: 1, 6 & 7
Psalm 9–1: 1, 7 & 10
Skrifberyming 9–3: 1 & 2
Skrifberyming 5–3: 1 & 2
Skrifberyming 5–3: 4 & 5
Skrifberyming 2–4: 1 & 3

Die beskrywing van Jesus wat sy dissipels se voete was is absoluut aangrypend. Te midde van hierdie beskrywing leer ons:

DIE VOETWASSING WYS OP HOE ONS DEEL KRY AAN JESUS

Die voetwassing het plaasgevind op die dag vóór Jesus se kruisiging. Sy dissipels het net voorheen gestry oor wie van hulle die belangrikste is. Gevolglik was nie een van hulle bereid om die ander se voete te was nie. Nou wys Jesus vir hulle wat ware nederige diensbaarheid behels. Hy het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien.

Toe Jesus by Petrus kom, weier hy dat Jesus sy voete was. Jesus antwoord hom: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie" (Joh 13:8). Hiermee maak Jesus dit duidelik dat die voetwassing simbolies dui op hoe ons deel kry aan Hom. Hy wys vir Petrus dat slegs dié wat deur sy bloed gereinig is, deel kan hê aan Hom. Soos Jesus nou hulle voete was met water, so sal Hy binnekort (môre!) hulle sonde wegwas met sy bloed.

VOLG JESUS SE VOORBEELD VAN NEDERIGE DIENSBAARHEID

As die Koning van die heelal so 'n nederige slawewerk gedoen het, hoeveel te meer moet ons nie? Dit gaan nie daaroor dat ons slegs fisies ons naaste se voete moet was nie – Jesus beklemtoon die innerlike houding: 'n houding van nederigheid en 'n begeerte om te dien. Dit gaan daaroor dat ons dieselfde gesindheid as Hy moet betoon (Fil 2:5-11).

Die tipe nederige diens wat van jou verwag word, gaan nie 100% ooreenstem met dié van die persoon langs jou nie. Die gawes wat jy ontvang het, sowel as die situasies waarin jy kom, gaan verskil. Daarom moet ons almal aandagtig luister na die Heilige Gees se leiding in elke situasie: Hy lei ons in nederige diensbaarheid.

# Aanddiens:
## Brahm Robinson

**Lees**:
Lukas 10:38-42

**Tema**:
Die Woord van die Here is ons prioriteit.

**Sang**:
Psalm 84–1: 1, 2, 3 & 5
Psalm 121–2: 1-3
Psalm 99–1: 1, 2, 3 & 5
Skrifberyming 15–5: 1, 2, 4 & 7

---

**TEE-SKINK-BEURT**

Vanaand: **B06**

### Eredienste in Cachet

Let wel dat daar nie volgende week (1 April) Afrikaanse dienste in die Ouditorium sal wees nie. Ons gemeente het wel gesamentlik diens met die Engelse wyk om 10:45 in die GS. Die volgende erediens in die Ouditorium is op **8 April om 19:00**.

Indien jy 'n **musiek-instrument** kan speel en graag sal wil bedien tydens die ere-diens, kontak asseblief vir Brahm (064 656 1374) of vir Floris (074 890 4911). Ons wil graag volgende kwartaal van jou gawes gebruik maak.

### Toerusting

Prof. Gert Breed lei **15 April** die erediens. Direk daarna bied hy ook toerusting oor gesonde verhoudings aan.

### Kollekte:

Hierdie week:
Oggend
Diens: Deputate Jeugsorg
Deure: Diens van barmhartigheid
Aand
Diens: Uitreike
Deure: Instandhouding van die erediens

*Die jaarkollektelys is op die laaste bladsy van die kalender (op die webwerf)*

### Rooipoortjie/ Venterskroon-uitreik

Indien jy graag betrokke wil raak by die Rooipoortjie- of Venterskroon- uitreik of enige vrae het, kan jy die volgende mense kontak:

Kenneth Boy 073 632 2457
Kaline du Plessis 082 393 8172
Thinus Malan 082 817 3017
Jan Greyling 082 625 4233
Germari Bos 081 252 5818

Kom deel in die vreugde van diensbaarheid en evangelisasie!

## Namibië-uitreik

Ons reël 'n uitreik na Nami-bië die **23ste Junie tot die 3de Julie** (so die sterre kan nog betyds wees vir die herre!). Daar is twee bedien-ingspunte waar ons gaan dien, naamlik Drimiopsis en Outjo. Ons nooi elkeen om deel te wees van die uitreik.

**Indien jy deel wil wees** of bloot nuus-kierig is, kan jy (vir Drimiopsis) Estmia kon-tak by 078 625 7400, of (vir Okakarara) Lise by 076 667 2852.

**Indien jy nie saam kan kom uitreik nie,** is dit juis 'n geleentheid vir jou om vir die reëlings daarvoor te bid, asook tydens die uitreik self.

## Kampusklere

Ons begin met 'n bediening waar ons ou(er) klere kwartaalliks gaan verkoop vanaf die GS. Ons vra asb. dat jy jou ou(er) klere, jou ouers en familie asook jou mede koshuis-inwoners sal vra om hulle ou(er) klere ook te skenk. Die sussies gaan die projek behartig, en ons wil graag die eerste verkoping al reël vir Maart-maand. Bring jou ou(er) klere na die GS of kontak asb. vir Elzaan by 078 501 8580.

## **Verjaarsdae**:

25 Maart - 8 April

Onthou dat die vakansieverjaarders ook bestaan! Wens hulle gerus ook geluk.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Carmela | Coletto | 03/25 | 0716278498 |
| Lammarié | Jonkers | 03/26 | 076832 0043 |
| Ruben | Van der Spoel | 03/26 | 0817199263 |
| Jan-Hendrik | Van Wyk | 03/30 | 0723871481 |
| Ansa | Van Zyl | 03/30 | 0765745738 |
| Frikkie | Deysel | 03/31 | 0796950119 |
| Lucas | Freire | 03/31 | 0633404017 |
| Henno | Albertse | 04/01 | 0713338791 |
| Zelda | Genis | 04/01 | 0721800319 |
| Martinel | Stronk-horst | 04/01 | 0799503111 |
| Jimmy | Verster | 04/02 | 0736335764 |
| Izak | Van der Westhuizen | 04/04 | 0791811580 |
| Minette | Snyman | 04/07 | 0723411943 |
| Abraham | Smit | 04/08 | 0792573192 |
| Anja | Ücker-mann | 04/08 | 0790505347 |

Lidmate word in kennis gestel dat hulle welkom is om afsprake te maak met Ds. Brahm of oom Frans (berader) indien daar 'n behoefte daarvoor is. Ds. Brahm op Maandae en oom Frans op Woensdae en Donderdae. Afsprake kan by tannie Elsa by die kerkkantoor gemaak word.

# Besonderhede van Cachet

**Eredienste:**

Afrikaans (met tolking na Engels) – 9:30 en 19:00 in die Sanlam-Ouditorium, NWU-PUK, Potchefstroom

Engels – 10:45 in die Gemeentesentrum, Hoffmanstr. 28

Kom Net / Just Come – Sondagmiddae 16:30 by gebou B7

**Kerkkantoor:**

Tannie Elsa Venter – 018 299 2588 of 079 494 7360

Ure – 08:30-14:00, weeksdae

Gemeentesentrum, Hoffmanstr. 28, langs die NWU-PUK se hoofhek

E-posadres – admin@gkcachet.org.za

---

**Predikant:**
Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374
brahmrobinson@gmail.com

**Predikant, Venterskroonwyk:**
Prof. Rantoa Letšosa – 072 621 8387

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Voorsitter van die diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Hanco Buys – 084 553 0011

**Bankbesonderhede**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 335-138
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: voorletters en van & wyk

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Jan Gerhard Venter – 083 653 4938
jgventer27@gmail.com

**Kom Net:**
Koos Müller – 079 707 1748

**Koster & PowerPoints:**
Pierre Muller – 072 780 2866
ggpmuller@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *DopperChopper* na:**
Hardus Ludick – 082 324 4123
hardusludus@gmail.com
**voor of op Donderdae om 20:00**

**Allerlei:**
Dirk Meijer – 084 488 5032

**Vir vervoer na eredienste of kerkaksies:**
Hardus Ludick – 082 324 4123